STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

26 JANUARIE 2020

# GEMEENTEBULLETIN

**EPIFANIE**

**(Fees van die lig)**

**OGGENDDIENSTE**

Versoeking

Lukas 4:1-13

**JEUGDIENS**

Awe and Wonder

**DEUROFFER**

Jeugwerk (Sinodaal)

Die Jeug en familiebediening fokus op die ondersteuning van jeugwerk wat deur gemeentes gedoen word, onder andere: kategese, familiebediening, #imagine-feesnaweek asook op navorsing oor jongvolwasse-bediening.

## EREDIENSTE

| | | | 26 Januarie | | 2 Februarie | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Potgieter | 1 | Ds. Duvenhage | 2 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Ackerman | 8 | Ds. Breytenbach | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 09:00 | Jeuglokaal | Blokdiens | Kleuters en ouers | - | Klouterkerk | - |
| 18:00 | Kerk | Relevant | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Visagie | 12 | Ds. Duvenhage | 13 |

## KATEGESE-REGISTRASIE 2020

Almal moet registreer, al was jy voorheen by kategese ingeskakel.

- Kleuters en peuters: 10:00 in die kleuterkerklokaal
- Graad 1-7: 10:00 by die saalkompleks
- Graad 8-11: 19:00 by jou graadgroep.

Daar is ook 'n **aanlynregistrasie-opsie** op www.stellenberg.co.za beskikbaar. Voltooi 'n aparte aanlyn vorm vir elke kind en dui asb. aan of jy herregistreer met geen veranderinge in jou persoonlike besonderhede nie, herregistreer met veranderinge in jou persoonlike besonderhede, en of jy vir die eerste keer registreer. **Kategese-kleingroepe (Annibrand Junior en Senior) begin vandag volstoom.** Ons het 'n dringende tekort aan klein-groepleiers vir laerskoolkinders. Raak asb. betrokke by hierdie geloofsreis van jou eie en ander kinders. Woon Sondagaand om 17:00 die toerustings-byeenkoms in die grootsaal by om meer oor die funksionering van kleingroepe te wete te kom. Meld asb. by sunet@stellenberg.co.za aan indien jy betrokke wil raak.

## JEUGDAGBOEK

- KATEGESE-REGISTRASIE: 19, 26 Januarie en 2 Februarie.
- ANNIBRAND JUNIOR: Kleingroepe begin amptelik op 26 Januarie 09:55 tot 10:45.
- ANNIBRAND SENIOR: Kleingroep begin 26 Januarie.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Woensdagaande 19:00 in die jeuglokaal en Sondae na die aanddiens in die komiteekamer.

## NUWE LIDMATE

Hartlik welkom in Stellenberg-gemeente. Meld asb. na die erediens by die inligtingspunte buite die kerk of by die saalkompleks aan, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519. Ons wil julle graag persoonlik verwelkom.

## BESOEK AAN VOSBURG

Sluit gerus by die Vosburg-komitee aan om vanaf 30 April tot 3 Mei in Vosburg te gaan kuier. Ons slaap die aand van 30 April oor op Beaufort-Wes. Daar is beperkte sitplek in die gemeentebussies; dus sal eie vervoer verwelkom word. Kontak Christine Ferreira op 083 440 2086 of christineferreira68@gmail.com.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Stephanus Johannes Liebenberg, gebore 25/09/1947 en oorlede op 20/01/2020. Sy roudiens was op Vrydag 24 Januarie in die kerk. Steph en sy vrou, Buks, het in 2018 by die gemeente aangesluit. Ons opregte meegevoel aan haar met die groot verlies.

## *DATE NIGHT* — VERHOUDINGSKURSUS

*Date night* is 'n verhoudingskursus en begin 20 Februarie om 18:30 by die saalkompleks. Die vier-weke-kursus word elke Donderdagaand aangebied. Kom sit saam met jou maat aan tafel, geniet 'n bord kos en glas wyn en bespreek relevante verhoudingskwessies met mekaar. Kinderoppassers is in die grootsaal beskikbaar. Die koste vir die kursus is R200 per paartjie. Bespreek plek by Anneke, sos@stellenberg.co.za/021 976 8029.

### KATEGESE KLEINGROEPE

Graad 1 - 3: Kleinsaal

Graad 4 - 6: Grootsaal

Graad 7: Bovertrek

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Ons kom weer op 3 Februarie om 09:30 in die markplein byeen.

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of WhatsApp jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die Bulletin en Samaritaan op jou selfoon te ontvang.

## VATVYF

Ons gaan 'n *high tea* by die deli in Sonneblomstraat 42, Stellenryk, geniet. Kom kuier lekker saam in die deli se tuin en besigtig al die tuisgemaakte lekkernye wat daar verkoop word. Die eienares, Anneke, gaan ons ook vertel hoe sy die onderneming begin het. Plek is ongelukkig beperk. Bespreek jou plek voor of op 3 Feb. by Karin 021 9764519. Koste is R30 per persoon.

## STELLENBERG-KOSPROJEK

Die kosprojek lewer tans voedselhulp aan 20 gesinne in die omgewing en ondersteun ook gesinne wat deur BADISA en die Ruyterwacht Senior Sentrum bygestaan word. Bydraes van nie-bederfbare kositems moet asb. voor 28 Jan by die kerkkantoor afgegee word, of kontantbydraes kan per EFT in ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing *KOSPROJEK* betaal word.

## ONS BENODIG HULP . . .

Raak asb. betrokke om te verseker dat gemeente-aktiwiteite vlot sal verloop. Ons is afhanklik van lidmate se hulp by die volgende dienspunte:

- **Kafeteria- en teetuindiensbeurte** Sondagoggende na kerk. Tweeuur-diensbeurte roteer sesweekliks. Meld by Lindy, lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.
- **Sekuriteitdiensbeurte** tydens eredienste. Diensbeurte is ongeveer sesweekliks. Meld by Lindy lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.
- **Kookspan**. Die span kom elke Donderdagoggend byeen om etes vir minderbevoorregtes, uitreike en liefdadigheidsprojekte te kook. Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 om jou hulp aan te bied.
- **Eredienswerkers** word veral by die oggend- en gesinsdienste benodig. Jy sal een keer per maand aan diens wees en is verantwoordelik vir die opneem van kollekte, die uitdeel van die nagmaal en die verwelkoming van lidmate. Meld by Odette, odette@stellenberg.co.za/021 976 4519 aan.

### ALMANAKKE

Teen Vrydag 24 Januarie sal daar weer almanakke by die kerkkantoor beskikbaar wees. Ons is besig om ekstra almanakke te laat druk.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### BYBELSTUDIE DAGSTUKKE VIR GESINNE

Dagstukkie-gedeeltes wat gesinne/families vir Bybelstudie en bespreking kan gebruik is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

## HOE LEEF EN PREEK ONS HOOP?

Gelowiges word altyd opgeroep om met hoop en verwagting te leef, juis in verwarrende en negatiewe tye soos vandag. Maar hoe dra ons dit aan medegelowiges oor sonder om onrealisties en naïef voor te kom? Coenie Burger en Braam Hanekom bied op 13 Feb. 'n gesprek hieroor vir predikante, gemeenteleiers en lidmate aan.

Waar: NG Kerk Stellenberg

Wanneer: Donderdag 13 Februarie van 09:00 tot 12:00

Koste: R50 per persoon

Inskrywings: SPG-kantoor 021 957 7202 of spg@kaapkerk.co.za

## VOORSTELLING VAN OUDERLINGE

Die volgende ouderlinge word vandag tydens die onderskeie eredienste aan die gemeente voorgestel. Baie geluk en sterkte met die nuwe amp.

**Oggenddiens: 09:00**

Leon Kampman (getuienis)

Rudolph van Schoor (geestelike sorg)

**Gesinsdiens: 09:00**

Dirk Heyneman (strategie)

Erhard Teubes (strategie)

**Jeugdiens: 18:00**

Heleen du Toit (tieners en jongvolwassenes)

## TIENDEMAANDINSAMELING 2019/20

Die tiendemaandinsameling strek vanaf Nov. 2019 tot 29 Feb. 2020. Ons mikpunt is R1 850 000 en ons is dankbaar vir bydraes wat steeds inbetaal word. R1 222 425 is sover ingesamel. Die tiendemaandinsameling word uitsluitlik vir die gemeente se werksaamhede aangewend. Bydraes kan tot einde Feb. via SnapScan, by die kerkkantoor, of elektronies oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 45 058 0011, takkode 632005, gebruik TIENDEMAAND as verwysing.

## DUITSE BLAASORKES IN STELLENBERG

'n Blaasorkes van Leipzig, Duitsland, tree op Dinsdagaand 4 Feb. om 19:00 in die kerk op. Die vertoning is GRATIS. Kom luister gerus hoe die wêreldberoemde orkes klassieke en ook ligte musiek speel.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE